# VIER DIE VERSKILLENDE SPIRITUALITEITSTYLE!

18 Julie 2010

<u>**Wat gebeur** daar in ‘n erediens</u>? Daar vind ‘n **ontmoeting** plaas tussen God en sy gemeente.
Hierdie ontmoeting verloop nie altyd en oral **dieselfde nie**. Denominasies verskil. In die Roomse kerk is alles bv baie formeel en is daar baie seremonies. In die charismatiese kerke is die verloop weer baie spontaan. Die manier waarop die eredienste ingerig word, verskil soms selfs nogal taamlik van een NGK na ‘n ander.
Daar is dus verskillende **style van aanbidding**, van omgaan met God.
Die rede daarvoor het te doen met *dogma* (hoedat die verskillende denominasies die Skrif verstaan), maar ook met *kulturele* en *historiese* faktore.
Watter kerk se styl is nou die ***regte* een**? Ons kan nie sê die een is reg en die ander verkeerd nie.
Watter kerk se styl is nou die ***beste* een**? Ons kan selfs dit nie so in die algemeen beantwoord nie. Solank almal probeer om aan die *Skrif getrou* te wees, mag party maar die een en ander weer die ander styl verkies.
<u>**Hoekom is dit so**</u>?
Omdat nie net *kerke* se style nie, maar **ook *mense* se style verskil**. Ons *beleef ons verhouding met God* nie almal eenders nie. Die een dink bv veral aan God as sy *Hemelse Vader*; die ander dink meestal aan Hom as die *Koning*; ‘n derde beskou Hom meer as ‘n *Vriend* en vir die vierde is Hy eerstens die *Heilige*.
Sommige beskou die **erediens** as ‘n byeenkoms voor die troon van God en daarom moet alles ordelik en plegtig verloop. Vir ander is die erediens ‘n *informele familiebyeenkoms* saam met God as ons Vader!
Hierdie verskille is wat ons ***spiritualiteitstyle*** noem. <u>Dit verwys na die maniere waarop mense hul verhouding met God verstaan, beleef en uitlee</u>f. Dit kan saamhang met jou *persoonlikheid, agtergrond* en dit waaraan jy *gewoond* is. Jy is bv net **gemakliker** in sekere eredienste as in ander. So was ek al meermale tussen ander gelowiges in ‘n erediens of biduur of saamtrek waar daar niks slegs of verkeerds gebeur het nie, maar ek was net nie gemaklik daar nie.

Een manier waarop hierdie style **onderskei** word, is die een waarop die **vraelys** wat u ingevul het, baseer is. Dit maak onderskeid tussen ‘*n Kop, Hart, Mistieke (Geestesoog) en Aktiewe (Hand) styl.*

1. DIE KOP OF TEOLOGIESE STYL (Paulus) Die kopspiritualiteit is ‘n *denkende en intellektuele* spiritualiteit . Hulle is soms gemaklik met ‘n *formele preekstyl* in die erediens en geniet *studiegroepe* en *goeie teologiese preke*. Hulle **bydrae** tot die gemeente is gewoonlik op die terrein van *sistematiese teologiese nadenke oor leerstellige en etiese kwessies*. Hulle sorg ook vir *struktuur* in gemeentes. Hulle verkies om slegs *die Bybel* as bron van hulle spiritualiteit te gebruik (ervaring is nie vir hulle prioriteit nie).

***Gebedslewe:*** Hulle gebedslewe is vir hulle 'n uitdrukking van hulle *eerbied* vir God. Hulle beleef God deur hulle *verstand*. Hul gebed is gewoonlik *goed geformuleer*. Hulle sal van gebede hou wat *uitgeskryf is en gelees* kan word. Hulle gebedsstyl is gewoonlik *gedissiplineerd, afgerond en met goeie teologiese inhoud*.

2. DIE HART OF GEVOELSTYL (Dawid) Die hartspiritualiteit hou van *die belewing* van hul van geloof en *interpersoonlike warmte* binne die gemeente. Hulle stel die *Woord* ook sentraal, maar vir hulle is die *uiterlike uitdrukking van emosies* ewe belangrik. Gewoonlik is dit die spiritualiteitsytipe wat makliker sy goddiensbelewing tentoon sal stel. Dit word gewoonlik gedoen met 'n *gesigsuitdrukking of handgebare* of lewenshouding. Persoonlike *getuienis, musiek en koinonia* is vir hulle belangrik. Hulle verkies tipe *prediking* wat van ander se getuienisse of ervaring praat. Gewoonlik is hulle warmte, entoesiasme en gemoedelikheid *aansteeklik* in 'n gemeente. Hulle is gewoonlik ook voorstanders van *informele manier* van dinge doen.
***Gebedslewe:*** Hierdie tipe spiritualiteit voel hulle tuis met baie *emosie en gevoelvolle uitdrukkings* in hulle gebedslewe, asook binne die eredienste.Hulle hou daarvan om met God te praat, maar *minder formeel* as die eerste groep. Hulle hou van *vrye en spontane gebede*.

3. DIE MISTIEKE, PEINSENDE OF GEESTESOOG STYL (Johannes)

Die mistieke hou daarvan om aan *God se voete* te sit en luister. Die **gevoel** (emosie) is vir hulle ook belangrik, maar hulle emosie is *na binne gekeer*. Hulle *luister eerder* na God as om met hom te praat. Hulle soek die teenwoordigheid van God. *Stiltes* in erediens is belangrik. *Simbole* speel 'n belangrike rol in hulle geloofsvorming. Hulle hou ook van *meditatiewe dissiplines* en die lees van die Bybel help hulle om nader aan God te groei. *Stilgebed* is vir hulle belangrik. Hulle hou van *Retraits*. Hulle sal die mense wees om die gemeente te herinner aan die *heiligheid van God* te midde van die alledaagse.
***Gebedslewe:*** Gebed is vir hulle eerder om na God *te luister*, as om met Hom te praat. Hulle hou nie van klaar uitgewerkte antwoorde nie en wil hê dat God Homself aan hulle moet openbaar deur gebed. Gebed is 'n fokus op die teenwoordigheid van God. Dit is soms genoeg om bloot in stilte aan God se voete te sit. Kontemplatiewe (*na binne gerigte*) gebed spreek hulle aan.

4. DIE AKTIEWE OF HAND STYL ( "crusaders") (Jakobus; Petrus)

Mense met hierdie tipe spiritualiteit is *ywerige mense* en hou daarvan om aktief by sending, barmhartigheid asook sosiale projekte betrokke te wees. Hulle is dikwels die *sosiale gewete* van die kerk en bring die gemeente tot aksie. Hulle is die mense wat *gehoorsaamheid, durf en selfopoffering* aan die dag lê in hulle navolging van die koninkryk se doelwitte. Hulle skaar hulle gewoonlik by *menseregtegroepe*.

***Gebedslewe:*** Hulle gebed is baie ingestel dat die *koninkryk van God sal groei*. Vir hulle word gebed en teologie die beste in hulle *praktiese dade* getoon. Hulle is ook gerig op wat God in die wêreld moet doén om die koms van die koninkryk te bewerkstellig. Hulle doen *graag voorbidding* vir die sending en barmhartigheidsaksies van die gemeente.

MOET 'N MENS KIES?

**Gelukkig** hoef ons nie tussen hierdie verskillende style te kies nie. Daar is nie 'n reg of verkeerd, beter of beste een nie. Die Here het ons nie almal eenders gemaak nie en daarom beleef ons ook nie almal ons verhouding met Hom op dieselfde manier nie. God het so baie fasette en dimensies dat net een styl van godsdiens onmoontlik aan sy grootheid reg sal kan laat geskied.
So waarom is dit dan nodig om van hierdie **verskille kennis te neem?**

LEES LUKAS 10:38-41

'n Mens kan dalk sê dat Maria 'n mistieke en Marta 'n hand styl gehad het. Marta *verwyt* Maria haar styl. Dalk het Maria op haar beurt weer *skuldig* gevoel.
Uit **Jesus se reaksie**, wil dit tog lyk asof een styl beter is as die ander. Maar lees dit gerus weer in sy *verband.* Die vorige gedeelte vertel die gelykenis van die barmhartige Samaritaan. Die Samaritaan se optrede was tipies van iemand met 'n handstyl en word deur Jesus aangeprys.
Dit wil vir my voorkom asof Jesus wil sê dat 'n mens sensitief moet wees *wanneer watter styl gepas* is. Jy moet dus in staat wees om jou by ander style te kan *aanpas* en dit self toe te pas wanneer die geleentheid daarvoor vra.
Hoewel ons dus almal 'n **voorkeur styl** het – wat dit is, sal die uitslag van die vraelys vir ons sê (kan ook 'n kombinasie van twee wees) – moet ons *oop* wees vir die ander style en as ons nie hoë tellings daarin behaal het nie, moet ons dit beskou as *groei-areas*. Netsoos wat Marta by Maria **kon lee**r, sou Maria ook by Marta kon leer. Blootstelling aan ander style bring *groei*. Al is ek bv iemand met 'n oorheersend **KOP styl**, sal ek ook kan baatvind by 'n stiltediens wat meer vlgs die Mistieke styl is. En as my styl **Maria s'n** is, wil dit nie sê dat ek nie ook moet help waar ek kan nie. Daar sou weer 'n tyd gekom het dat Maria moes opstaan en help met die huishoudelike take. Ons hou vanmiddag 'n **Luistersessie**, maar dit kan nie altyd by luister bly nie!
Ons sien voorbeelde van al hierdie style by die **Here Jesus**: Hy het die mense onderrig (KOP); Hy noem God 41 keer sy Vader en beklemtoon dat ons Hom met blydskap moet dien (HART); Hy sonder Hom gereeld af in gebed (MISTIEK); Hy help mense in nood daadwerklik deur hulle te genees, te voed en so meer (HAND).
Laat ons dus eerder die verskeidenheid style wat daar onder ons bestaan, **vier** en *dankbaar* wees daarvoor omdat ons daardeur *verryk* word, as wat ons ander wat nie soos ons dink en doen nie, **kritiseer, of skuldig voel** daaroor dat ons nie soos hulle is nie.
Daar is **nie net een regte manier** om te *bid* nie. Daar is nie net een regte manier om 'n *erediens* te hou nie. *Predikante* het ook verskillende style.

Daarom sal seker mense *beter aansluiting* vind by sekere predikante omdat hul style ooreenstem.
Laat ons **nie selfsugtig** wees en ons voorkeur op ander probeer afdwing nie. Laat ons mekaar nie so maklik **beskuldig** van dinge soos *vormgodsdiens, emosionele godsdiens, of oppervlakkigheid* nie.
Die Bybel leer ons om mekaar **te verdra** (1 Kor 13:7; Ef 4:2; Kol 3:13). Maar eintlik gaan dit hier om meer as dit. Ons moet mekaar **aanvaar**, **waardering** hê vir mekaar, **ruimte** maak vir mekaar, **leer** by mekaar. Ons het tog gesien watter **nb'e bydraes** elke styl tot die gemeenskap van die gelowiges maak. Elke tipe het 'n **spesifieke rol** in die gemeente. Om net een tipe te beklemtoon, lei maklik tot eensydigheid.

SLOT:
Is dit nie wonderlik dat God ons so verskillend gemaak het nie! Elkeen van julle is 'n **gawe van God** aan die gemeente. **Sê vir die Here vandag:** "Dankie, Here, vir die persoon hier langs … agter … voor my. Dankie dat U ons in hierdie gemeente aan mekaar gegee het om mekaar aan te vul en by mekaar te leer."

Met erkenning aan:
Gedagtes van Dr Lourens Bosman en Dr Quintus Heine (internet)
Corrine Ware: " ***Discover Your Spiritual Type: a guide to congregational growth"***